GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ]	Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
_____	Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President.)
(Assented to 6 January 2009.)

ACT

To amend the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, so as to—

- **further regulate the determination of political party participation in provincial delegations to the National Council of Provinces; and**
- **abolish the right—**
  - **— of a member of the National Assembly or a provincial legislature to become a member of another political party whilst retaining membership of the National Assembly or that provincial legislature; and**
  - **— of an existing political party to merge with another political party, or to subdivide into more than one political party, or to subdivide and to permit any of the subdivisions to merge with another political party, whilst allowing a member of the National Assembly or a provincial legislature affected by such changes to retain membership of the National Assembly or that provincial legislature;**

and to provide for matters connected therewith.

Parliament of the Republic of South Africa enacts as follows:—

Amendment of section 61 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, as amended by section 1 of the Constitution Ninth Amendment Act of 2002

1. Section 61 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (hereinafter referred to as the Constitution), is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) (a) A provincial legislature must, within 30 days after the result of an election of that legislature is declared—

(i) determine, in accordance with national legislation, how many of each party's delegates are to be permanent delegates and how many are to be special delegates; and

(ii) appoint the permanent delegates in accordance with the nominations of the parties.

[(b) If the composition of a provincial legislature is changed on account of changes of party membership, mergers between parties, subdivision of parties or subdivision and merger of parties within that legislature, it must within 30 days after such change—

greengazette

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 6 Januarie 2009.)

WET

Tot wysiging van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, ten einde—

- **die bepaling van die deelname van politieke partye aan provinsiale afvaardigings na die Nasionale Raad van Provinsies verder te reël; en**
- **die reg af te skaf—**
  - **— van 'n lid van die Nasionale Vergadering of 'n provinsiale wetgewer om 'n lid van 'n ander politieke party te word terwyl lidmaatskap van die Nasionale Vergadering of daardie provinsiale wetgewer behou word; en**
  - **— van 'n bestaande politieke party om met 'n ander politieke party saam te smelt, of om in meer as een politieke party onder te verdeel, of om onder te verdeel en enige van die onderverdelings toe te laat om met 'n ander politieke party saam te smelt, terwyl 'n lid van die Nasionale Vergadering of 'n provinsiale wetgewer wat deur sodanige veranderings geraak word, toegelaat word om lidmaatskap van die Nasionale Vergadering of daardie provinsiale wetgewer te behou;**

en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika bepaal soos volg:—

Wysiging van artikel 61 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, soos gewysig deur artikel 1 van die Negende Wysigingswet op die Grondwet van 2002

1. Artikel 61 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (hierna die Grondwet genoem), word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) (a) 'n Provinsiale wetgewer moet, binne 30 dae nadat die uitslag van 'n verkiesing van daardie wetgewer bekend gemaak is—

(i) ooreenkomstig nasionale wetgewing bepaal hoeveel van elke party se afgevaardigdes vaste afgevaardigdes en hoeveel spesiale afgevaardigdes moet wees; en

(ii) die vaste afgevaardigdes ooreenkomstig die partye se benoemings aanstel.

[(b) Indien die samestelling van 'n provinsiale wetgewer verander word as gevolg van veranderings van partylidmaatskap, samesmeltings tussen partye, onderverdeling van partye of onderverdeling en samesmelting van partye in daardie wetgewer, moet die wetgewer binne 30 dae na so 'n verandering—

(i) determine, in accordance with the national legislation referred to in paragraph (a), how many of each party's delegates are to be permanent delegates and how many are to be special delegates; and

(ii) appoint the permanent delegates in accordance with the nominations of the parties.]".

Amendment of section 62 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, as amended by section 2 of the Constitution Ninth Amendment Act of 2002

2. Section 62 of the Constitution is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Permanent delegates are appointed for a term that expires—

(a) immediately before the first sitting of the provincial legislature after its next election**[; or**

(b) on the day before the appointment of permanent delegates in accordance with section 61(2)(b)(ii) takes effect].".

Amendment of section 105 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, as amended by section 3 of the Constitution Tenth Amendment Act of 2003

3. Section 105 of the Constitution is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

"**[Subject to Schedule 6A, a]** A provincial legislature consists of women and men elected as members in terms of an electoral system that—".

Amendment of section 106 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, as amended by section 4 of the Constitution Tenth Amendment Act of 2003

4. Section 106 of the Constitution is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) A person loses membership of a provincial legislature if that person—

(a) ceases to be eligible;

(b) is absent from the legislature without permission in circumstances for which the rules and orders of the legislature prescribe loss of membership; or

(c) ceases to be a member of the party that nominated that person as a member of the legislature**[, unless that member has become a member of another party in accordance with Schedule 6A]**.".

Amendment of Schedule 3 to the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, as amended by section 2 of the Constitution Fourth Amendment Act of 1999, section 19 of the Constitution Sixth Amendment Act of 2001 and section 3 of the Constitution Ninth Amendment Act of 2002

5. Schedule 3 to the Constitution is hereby amended—

(a) by the substitution for item 3 of Part B of the following item:

"3. If the competing surpluses envisaged in item 2 are equal, the undistributed delegates in the delegation must be allocated to the party or parties**[, including any merged party as contemplated in section 61(2)(b),]** with the same surplus in the sequence **[of votes recorded, starting with the party or merged party which recorded]** from the highest to the lowest number of votes**[, including combined votes in the case of a merged party,]** that have been recorded for those parties during the last election for the provincial legislature concerned**[, but if any of the parties with the same surplus—**

(a) came into existence on account of changes of party membership or subdivision of parties within that legislature as contemplated in section 61(2)(b); and

greengazette

(i) ooreenkomstig die nasionale wetgewing in paragraaf (a) bedoel, bepaal hoeveel van elke party se afgevaardigdes vaste afgevaardigdes en hoeveel spesiale afgevaardigdes moet wees; en

(ii) die vaste afgevaardigdes ooreenkomstig die partye se benoemings aanstel.]".

Wysiging van artikel 62 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, soos gewysig deur artikel 2 van die Negende Wysigingswet op die Grondwet van 2002

2. Artikel 62 van die Grondwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Vaste afgevaardigdes word aangestel vir 'n termyn wat verstryk—

(a) onmiddellik voor die eerste sitting van die provinsiale wetgewer na sy volgende verkiesing**[; of**

(b) op die dag voor die aanstelling van vaste afgevaardigdes ooreenkomstig artikel 61(2)(b)(ii) van krag word].".

Wysiging van artikel 105 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, soos gewysig deur artikel 3 van die Tiende Wysigingswet op die Grondwet van 2003

3. Artikel 105 van die Grondwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"**[Behoudens Bylae 6A, bestaan 'n provinsiale]** 'n Provinsiale wetgewer bestaan uit vroue en mans wat as lede verkies is ingevolge 'n kiesstelsel wat—".

Wysiging van artikel 106 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, soos gewysig deur artikel 4 van die Tiende Wysigingswet op die Grondwet van 2003

4. Artikel 106 van die Grondwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Iemand verloor lidmaatskap van 'n provinsiale wetgewer indien so iemand—

(a) ophou om bevoeg te wees;

(b) sonder toestemming afwesig is van die wetgewer in omstandighede waarvoor die reëls en orders van die wetgewer verlies van lidmaatskap voorskryf; of

(c) ophou om 'n lid van die party te wees wat so iemand as 'n lid van die wetgewer benoem het**[, tensy so iemand ooreenkomstig Bylae 6A 'n lid van 'n ander party geword het]**.".

Wysiging van Bylae 3 by die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, soos gewysig deur artikel 2 van die Vierde Wysigingswet op die Grondwet van 1999, artikel 19 van die Sesde Wysigingswet op die Grondwet van 2001 en artikel 3 van die Negende Wysigingswet op die Grondwet van 2002

5. Bylae 3 by die Grondwet word hierby gewysig—

(a) deur item 3 van Deel B deur die volgende item te vervang:

"3. Indien die mededingende surplusse in item 2 beoog gelyk is, word die onverdeelde afgevaardigdes in die afvaardiging toegeken aan die party of partye**[, met inbegrip van 'n saamgesmelte party in artikel 61(2)(b) beoog,]** met dieselfde surplus in die volgorde **[van aangetekende stemme, beginnende met die party of saamgesmelte party wat]** van die hoogste tot die laagste getal stemme**[, met inbegrip van gekombineerde stemme in die geval van 'n saamgesmelte party,]** wat vir daardie partye aangeteken **[het]** is tydens die vorige verkiesing van die betrokke provinsiale wetgewer**[, maar indien enige van die partye met dieselfde surplus—**

(a) ontstaan het as gevolg van veranderings van partylidmaatskap of onderverdeling van partye in daardie wetgewer soos in artikel 61(2)(b) beoog; en

02020000

greengazette

(b) did not participate in the last election for the provincial legislature concerned,

the legislature must allocate the undistributed delegates in the delegation to the party or parties with the same surplus in a manner which is consistent with democracy]."; and

(b) by the addition in Part B of the following item:

"4. If more than one party with the same surplus recorded the same number of votes during the last election for the provincial legislature concerned, the legislature concerned must allocate the undistributed delegates in the delegation to the party or parties with the same surplus in a manner which is consistent with democracy.".

Repeal of Schedule 6A to the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, as inserted by section 6 of the Constitution Tenth Amendment Act of 2003

6. Schedule 6A to the Constitution is hereby repealed.

Short title and commencement

7. This Act is called the Constitution Fourteenth Amendment Act of 2008, and comes into operation on a date set by the President by proclamation in the *Gazette*.

greengazette
paper friendly. user friendly.

(b) nie aan die vorige verkiesing van die betrokke provinsiale wetgewer deelgeneem het nie,

moet die wetgewer die onverdeelde afgevaardigdes in die afvaardiging toeken aan die party of partye met dieselfde surplus op 'n wyse wat met die demokrasie bestaanbaar is]."; en

(b) deur in Deel B die volgende item by te voeg:

"4. Indien meer as een party met dieselfde surplus dieselfde getal stemme gedurende die vorige verkiesing van die betrokke provinsiale wetgewer aangeteken het, moet die betrokke wetgewer die onverdeelde afgevaardigdes in die afvaardiging toeken aan die party of partye met dieselfde surplus op 'n wyse wat met demokrasie bestaanbaar is.".

Herroeping van Bylae 6A by die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, soos ingevoeg deur artikel 6 van die Tiende Wysigingswet op die Grondwet van 2003

6. Bylae 6A by die Grondwet word hierby herroep.

Kort titel en inwerkingtreding

7. Hierdie Wet heet die Veertiende Wysigingswet op die Grondwet van 2008, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

01020000

greengazette

greengazette
paper friendly. user friendly.